

Donderdag 21 September

Skrifgedeelte: Psalm 111:1-10

Fokusgedeelte: Psalm 111:4, 5 (1933/53-vertaling)

Die Here sorg dat Hy nie vergeet word nie!

Psalm 111 protesteer teen 'n tipe doodsheid in mens se harte teenoor die Here, 'n stomheid op ons lippe! In kerktaal gesê: Hy veg teen die *formalisme* in ons godsdiens. Waar kom dit vandaan? Dit is omdat ons so maklik *vergeet*. Dis nou maar eenmaal so dat ons nie 'n lang geheue het nie – ook nie wat ons verhouding met God betref nie. Dit is met ons godsdiens baie keer net soos met 'n kind se nuwe speelding. Die eerste dag kan hy nie ophou om daarmee te speel nie ... Maar sommer gou is die blink oë en die opgewondenheid weg, en is dit ook maar *net nog* 'n speelding. Goddank, Psalm 111 troos ons dat die Here weet van ons kort geheue ... Daarom “(het) Hy vir sy wonders 'n ge-dagtenis gestig” (vs 4). Hy is 'n God wat tekens/bakens oprig van sy magtige daade ... om ons te help onthou! “Gedagtenis stig” beteken eenvoudig: Die Here het 'n erediens (kultus) ingestel – 'n plek en geleentheid geskep waar sy verlose volk sy genade kon herdenk en die krag van sy redding kon beleef! In die Ou Testament het Hy die Pasga ingestel om sy volk hulle verlossing uit die hel van Egipte te laat onthou! Voor Jesus se kruisiging, met sy laaste Paasfees op aarde, het Hy self die brood en wyn in die Nagmaal as tekens gegee om ons te herinner aan sy verlossingswerk vir ons aan die kruis! Die Here doen dit, sê die psalmis, *omdat* Hy “dink” aan sy verbond, sy genadige verbintenis, met ons (vs 5). Wanneer ons nie meer aan Hom dink nie, dink Hy genadiglik nog aan ons. En as die Bybel sê dat die Here aan iemand dink, is dit nie iets passief nie, 'n dooie herinnering (soos 'n standbeeld), aan iemand nie. Nee, dit dui op sy aksie, goddelike ingrype ter wille van so iemand se heil. “Hy hou sy verbond altyd in stand”! In die Nagmaalstekens hoor en sien ons dit. Die lewende Christus verbind Hom aan hierdie tekens – nie net as 'n herinnerings-maaltyd (terug dink wat Hy gedoen het) nie. Nee, meer! Op 'n goddelik-verborge manier is Hy self in die brood en wyn teenwoordig. En so voed God self dié wat Hom vrees, so verryk (versterk) Hy ons geloofsverhouding met Hom ... Só laat Hy ons weer die krag van sy wonderlike daade ervaar.

Sing Psalm 111:1, 2 (2001)

Ds. HC (Charl) van Rooy